

## Hier kom Metusalem en kie

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/hier-kom-metusalem-en-kie-20180727>

“Nog skaars was hy ’n jaar of elf/ toe stap klein Lemmie al vanself./ So groei hy op tot sestig jaar;/ die eerste wisseltand was daar;” skryf A.G. Visser humoristies oor Metusalem wat anderkant Jerusalem gewoon en volgens die Bybel die rype ouderdom van 969 bereik het. Tans word daar ook baie geld spandeer aan navorsing om mense se lewensduur te verleng. Ek het enkele vriende wat erg geïnteresseerd is in die onderwerp; wat van plan is om self ook vrek oud te raak en diep oortuig is dat dit alreeds in hulle leeftyd ’n moontlikheid geword het. Hulle is mense vir wie ou Metusalem se lewe besonder aantreklik lyk, maar vir my wat so van die kant af na hulle luister, klink die hele affêre, of dit nou haalbaar is of nie, nogal snaaks. Ek skaar my eerder by A.G. Visser se beskouing van die saak. Dalk is die vriende se praatjies ook gevaarlik, want hoe hulle daarvoor praat, skep al klaar ’n stuk werklikheid: hulle dink regtig dat hulle in Metusalem se voetspore gaan volg en dat daar vir hulle nog ’n mooi 100+ jaar hier op aarde voorlê. Ek is onseker of ek moet lag en of ek moet huil oor die saak, alhoewel ek vermoed ek persoonlik na die lag kant neig, veral in die lig van statistiek en die enorme verskille tussen lande ten opsigte van lewensverwagting.

Globale statistiek rakende lewensverwagting is insiggewend. Mense van Monaco word gemiddeld 89.4, in Japan 85.3 en in Nederland 84.4. Dit is egter hoe sake daar uitsien in hoogs ontwikkelde lande. In Suid-Afrika is dit 49.7, Lesotho 50 en Sierra Leone 46 (statistiek wissel afhangende of die effek van Vigs in berekening gebring word en daarom word Suid-Afrika se lewensverwagting dikwels bo 60% aangegee). Dus, in sommige wêrelddele, en onder sommige sosio-ekonomiese segmente in die samelewing, is daar mense wie se lewensverwagting reeds hoog is en bes moontlik ook styg. My vriende is dus tereg optimisties oor hierdie saak. Met die oog op die veroudering van sekere uitverkorenes sal nie alleen die aktuarisse opnuut moet dink oor lewensversekering, mediese skemas en pensioenfondse nie, maar die teoloë gaan self ook ’n joppie of twee kry. Ter wille van daardie vriende van my probeer ek solank vooruit dink. Ek neem een voorbeeld, naamlik die impak wat my Metusalem-vriende op ons gereformeerde liturgiese formuliere gaan hê. Daardie formuliere hang gewoonlik saam met lewensorgange van mense, soos geboorte (Dooformulier), volwassewording (Belydenis van Geloof), die vind van ’n maat (Huweliksformulier) en die dood (Begrafnisformulier). ’n Mens moet in ag neem dat daardie dokumente geskryf is met die woorde van die Psalmis in die skrywers se agterkoppe: “ons lewe maar sewentig jaar, of, as ons baie sterk is, tagtig”. Indien my vriende regtig in Metusalem se voetspore gaan volg, kan ons op ons louere rus nie, ons moet gereed wees om hulle te bedien en dus moet ons betyds kyk hoe ons ons formuliere sal moet aanpas. Dit kan dalk nog skrikwekkend naby kom aan die lewensloop van ou Metusalem: “Op honderd-sestig moes meneer/ Sy melkbaard al begin te skeer;/ Tien jaar daarna al katkiseer.”

Kom ons slaan die doop en katkisasie oor, begin sommer by die Huweliksformulier en neem Metusalem se pa se vermaning aan sy seun ernstig op: “Maar styf sal hy sy rieme loop –/ hy dink glo trou is kêmel koop!” Die belofte wat die paartjie maak lui onder meer: “vir altyd en in alle omstandighede” en ook “beloof jy dat jy hom/haar nooit sal verlaat nie.” Dan is daar die bekende woorde van sommige formuliere wat byvoeg “tot die dood ons skei”. Tans beteken hierdie belofte 40, selfs 50 en met hoe uitsondering 60 jare saam. Een van daai vriende van my spreek toe juis sy bekommernis oor die saak uit en vra of ons nie iets kan bedink nie (’n Henry die 8ste tipe iets), want hy sien kans om tot en met ’n maksimum van 60 of selfs 70 jaar te belooft, maar 110 jaar is glo ’n ander storie. Daardie “tot die dood

ons skei” wil hulle nou blykbaar gekwalifiseer hê in die formulier. Ek dink ’n mens kan die saak dan seker tydens die huweliksvoorbereiding sessies met die tipe paartjie wat beoog om so oud te raak behandel. Mense hou mos juis deesdae ook daarvan om hulle eie formulier en beloftes te skryf. Dan kan hulle in so ’n sessie onderhandel, byvoorbeeld “Ek NN beloof trou aan my bruid NN vir 50 jaar waarna hierdie belofte en kontrak hersien kan word met die oog op die volgende 50 jaar.” My vriende se hulle dink 50 jaar is regtig ’n goeie lopies en dat hulle oor die verloop van 200 jaar darem meerdere maats wil hê. Dit wil my voorkom of daar somer baie werk is, want daardie huweliksformulier dien slegs die derde as op die lewensloop van die mens, die vierde en laaste een is natuurlik die dood wat ons by ’n broodnodige hersiening van die Begrafnisformulier bring. Vele begrafnisformuliere lui in navolging van Job 1: “Die Here het gegee en die Here het geneem. Loof die Naam van die Here.” Hierdie formulering sal darem teologies gesproke nie akkuraat wees wanneer ons een van daardie vriende van my op die rype ouderdom van 250 in sy kapsule neerlê en vries nie. Dit behoort in so ’n geval herformuleer te word tot iets soos: “Die Here het gegee, en die Here het gegee, en die Here het gegee, en die Here het gegee en NN het gevat.” Hierdie formulering kort nog ’n bietjie skaafwerk, maar dit sal tog nie meer as reg wees nie, want op 250 het enige iemand nie alleen die opbrengs van die aarde wat hom toekom benut nie, maar ook die van dosyne ander mense in sommige van die lande wat hierbo vermeld word. In die lig daarvan dink ek die Algemene Sinode van 2218 kan die saak maar verder hanteer, dit behoort seker nog betyds te wees. Ek wonder of die tyd en geld wat aan hierdie navorsing spandeer word, nie eerder bestee kan word vir die mense met die laagste lewensverwagting en vir goeie bejaardesorg nie. A.G. Visser skryf aan die einde van sy gedig oor die dood van Metusalem op 969: “En niemand wiss of dag daaraan. ’n Wêreldrekord was geslaan.” Ten spyte van my vriende se droom, glo ek dis een wêreldrekord wat vir eers maar kan bly staan.

Cas Wepener